


Elkeen, oral GESTUURDE



**DIE SENDINGBELEID VAN DIE
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

Elkeen, oral GESTUURDE

**DIE SENDINGBELEID VAN DIE
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

© Kopiereg 1993

Lig in Duisternis Uitgewers

@ publikasies@liginduisternis.co.za

☎ 012 362 1390

🌐 www.liginduisternis.co.za

📍 Makoustraat 516, Monumentpark, 0181

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring. Alle regte voorbehou.

Skrifaaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Taalversorging: Ds. Schalk Strauss

Setwerk: Rikus Grobler

Eerste druk: 1993

Boek ISBN: 978-1-874861-74-4

E-boek ISBN: 978-1-0672217-3-7

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	2
1. Wat is sending?	3
2. Die kerk as missionêre gemeente	5
3. Die Afrikaanse Protestantse Kerk se sending	10
4. Praktiese riglyne vir die uitvoering van ons sendingtaak	13

VOORWOORD

Christus se laaste bevel aan sy dissipels, voor sy vertrek na die hemel, bly 'n opdrag aan al sy dissipels van alle eeue: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het* (Mt. 28:19).

Die Christus-gelowige en die Christelike kerk wat hierdie opdrag minag of verwaarloos, het ontrou aan die opdrag van die Meester geword en is nie waardig om Christus se Naam te dra nie. Hy het immers gesê: *As julle My liefhet, bewaar my geboorte* (Joh. 14:15).

Die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk)¹ as 'n kerk van Jesus Christus, wil graag gehoorsaam wees aan haar Meester se bevel. Dat sending – Gods blye boodskap van redding in Christus aan 'n verlore mensdom – vir die AP Kerk erns is, blyk uit die feit dat hierdie kerk haar vanaf haar vroegste sinode – en steeds by daaropvolgende sinodes – met die sendingsaak besig gehou het. Hiervan getuig onder meer etlike besluite wat nog op die jongste sinodes geneem is. “Die Sinode versoek alle kerkrade en gemeentelede om kennis te neem van die inhoud van die Sendingbeleid van die APK ...” (1991). Verder: “... dat die Sinode op een of ander wyse gereeld genoegsame fondse begroot vir Sending en Evangelisasie binne en/of buite die RSA” (1990). Daarom het die sinode ook besluit dat “die Sendingbeleid van die APK in brosjurevorm ... beskikbaar gestel sal word en dra dit aan die Publikasiekomitee op vir uitvoering.”

Ter uitvoering van laasgenoemde opdrag gee die Publikasiekomitee hierdie brosjure uit. Die Publikasiekomitee vertrou dat dit eerstens die AP Kerk se erns oor sending sal openbaar vir wie daaroor onkundig of onseker is, en dat dit vervolgens ook sal inspireer en opwek tot nuwe gehoorsaamheid aan die sendingbevel van ons Here Jesus. Want 'n groter en dringender boodskap tot heil van verlore mense is daar op aarde nie.

Namens die Publikasiekomitee
WJG Lubbe (Voorsitter)

1. Die verband van plaaslike kerke bekend as die Afrikaanse Protestantse Kerkverband.

1.1 OMSKRYWING

Dit is nodig om heel aan die begin 'n duidelike beeld te hê van wat met sending bedoel word. Vanuit die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, kan ons sending soos volg omskryf:

Sending is die handeling van die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n kudde deur sy Woord en Gees vergader, deur wie Hy sy Woord aan die gevalle wêreld laat verkondig, die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies en volke tot stand bring, en diens aan die wêreld in sy nood laat lewer vir die uitbreiding en opbouing van Gods koninkryk onder mense tot aan die voleinding.

In aansluiting by hierdie siening wat in 1988 reeds geformuleer is, het Sinode 1991 besluit: “Omdat die AP Kerk Kerk van Jesus Christus is en Gereformeerde Kerk is, herbevestig die Sinode dat gehoorsaamheid aan die laaste opdrag van Jesus Christus moet uitgaan van en onder toesig moet staan van die plaaslike kerkraad.”

1.2 BELANGRIKE UITGANGSPUNTE

Bogenoemde omskrywing bevat 'n paar belangrike uitgangspunte:

1.2.1 Betrokkenheid van God

Sending hoort primêr tot God se betrokkenheid by die wêreld. God die Vader het die wêreld so liefgehad, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo ... die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Jesus Christus as die Gestuurde by uitnemendheid, het aan sy dissipels gesê: *Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook* (Joh. 20:21). Maar eers moes hulle wag op die Heilige Gees en toe hulle Hom ontvang het, kon Hy voortgaan met sy werk deur die kerk, dit is die liggaam van Christus op aarde.

Die kerk (gemeente) is dus die kanaal waardeur die liefde van God by die wêreld uitkom. En soos die Seun gestuurde van die Vader was, is die kerk gestuurde van die Seun.

1.2.2 Versameling uit alle nasies

Die doel van God se sending is die versameling van sy kerk uit alle nasies en volke *om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig* (1 Petr. 2:9). Die belangrikste sendingmetode is die bring van die evangelie aan lede van 'n volk, wat dan in hulle volk bly, om daar kerkvormend op te tree sodat die kerk Christus in volksverband kan verinheems. Uit alle gelowiges van volke en nasies word dan die Kerk van Jesus Christus gevorm.

1.2.3 Elkeen in sy eie taal

Die doel van die sending, met die vestiging van kerke onder volkere, is dat elkeen in sy eie taal die groot daad van God kan hoor en ook weer verkondig (Hand. 2:8, 11), sodat elkeen sy aanbiddingsbehoefte onder sy volksgenote kan bevredig. Die sendingtaak onder die onbereikte groepe is die verantwoordelikheid van al die kerke van Christus.

1.2.4 Uitbreiding van die koninkryk

Die einddoel van die sending (God s'n en die gemeente s'n) is die uitbreiding en opbouing van die koninkryk van God. Alles moet gerig wees op die koninkryk van God wat gekom het, aan die kom is en op die laaste dag in sy volheid sal kom.

1.2.5 Drie dimensies

Die sending het drie dimensies, naamlik die verkondiging van die Woord, die stigting van die gemeenskap van die heiliges en die diens aan 'n gemeenskap in nood. Anders gestel: evangelisering, kerkopbou en sosio-ekonomiese diens (*kêrugma*, *koinônia* en *diakonia*). Die verkondigingsaspek is die hart van die sendingtaak en daarsonder val die ander aspekte plat.

1.2.6 Alles aan God onderwerp

Die sendingtaak sal eers voltooi wees op die laaste dag wanneer alles aan God onderwerp sal wees en Hy alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28).

2.1 TAAL VAN DIE HART EN DIE MOND

Uit die oorvloed van die hart spreek sy mond (Lk. 6:45). Wat in die hart is, kom uit en wat uitkom is 'n bewys van wat in die hart is – ten minste as die hart en die mond met 'n reguit pad verbind is. As dit egter nie die geval is nie, dan is die taal van die mond nie die taal van die hart nie en hierdie tweetaligheid is nie die taal van die gelowige nie en dus ook nie die taal van die kerk van Jesus Christus nie. Pinkster is juis die fees van die vervulde hart en dus ook die fees van die oorlopende mond.

2.2 DIE STIGTING VAN DIE KERK

2.2.1 Tale en tonge

Dit is opmerklik dat die Griekse woord wat in Handeling 2:4 (*glôssai*) met tale vertaal word, dieselfde woord is wat in Handeling 2:3 met tonge weergegee word. Die Heilige Gees, wat nie *as* nie, maar *onder* die teken van vurige tonge kom, veroorsaak dus dat die tonge van hulle in wie Hy kom, losraak en in beweging kom. Vurige tonge is dus die teken van die Heilige Gees en bewegende tonge die gevolg van sy koms.

2.2.2 Vurige en bewegende tonge

Hiermee is 'n wesensbelangrike eienskap van die kerk aan ons gegee. Want hieruit blyk duidelik dat Christus, wat tog die Heilige Gees beloof en gestuur het, sy kerk nie as 'n mediterende, mistiek-peinsende liggaam gestig het wat êrens in 'n beskermde verborgenheid homself in stille afsondering aan haar Hoof moet wy, en dáár soos 'n rustig-brandende kersvlammetjie ongemerk moet uitbrand nie. Nee, sy kerk is die kerk wat gestig word met die teken van vurige en bewegende tonge. Dit is 'n kerk van besielde skares, 'n kerk wat iets in die hart ontvang het om met die mond te sê: *Ons hoor hulle ... oor die groot daad van God spreek* (Hand. 2:11).

2.2.3 Belofte en vervulling

Dat die kerk hier inderdaad iets het om te sê, is tegelyk vervulling van 'n belofte en gehoorsaamheid aan 'n opdrag: *Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde* (Hand. 1:8). En dat dit die kerk is wat dit hier sê, is eweneens 'n belofte wat in vervulling gegaan het, want dit was Jesus wat gesê het: *Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou ...* (Mt. 16:18).

Nie op Petrus as persoon nie, maar op die belydenis van Petrus bou Jesus sy kerk. Ja, sy kerk bestaan uit belydende persone, uit mense wat glo, uit mense wat 'n belydenis het, uit mense wat tot 'n erkenning van Jesus Christus gekom het en soos Petrus kan sê: *U is die Christus, die Seun van die lewende God* (Mt. 16:16).

2.3 DIE OPDRAG AAN DIE KERK

2.3.1 Poort en paspoort

Hierdie belydenis is dus die poort van toegang tot die kerk van Christus. Daarsonder kom niemand ooit in sy kerk nie, al is ons ook binne die mure van die kerk. Hierdie belydenis is ook 'n paspoort wat deur voortdurende herhaling voortdurende verblyf in sy kerk verseker.

2.3.2 Daadwerklike gehoorsaamheid

'n Herhaling van die belydenis is ook daadwerklike gehoorsaamheid. Ons moet geleer word om alles wat Jesus sy dissipels beveel het, te onderhou (Mt. 28:19). Dan lyk ons al meer soos mense wat deur God nuut gemaak is (2 Kor. 5:17).

2.3.3 Hart met Gees vervul

Dat die belydenis sal deurwerk in my eie lewe, is die eerste aspek van die opdrag van Christus, terwyl die tweede daarin bestaan dat dit ook na en in ander sal deurwerk.

Die dissipels, en in hulle ook die kerk van alle eeue, ontvang die opdrag om te getuig van Jesus – in Jerusalem en in die hele Judéa en

Samaría. Die geheiligde lewe is konkreet 'n met-die-Gees van-God-
vervulde-hart, en waar die hart van vol is, loop die mond van oor ...
daarom getuig die dissipels en die kerk van Jesus, omdat dit Hy is wat
hulle harte vervul. Hulle vertel aan ander, nie van hulleself nie, maar
van Jesus wat deur die Heilige Gees menseharte wil vul.

2.3.4 Getuig van waarheid

Die kerk getuig nie net van feite nie, maar van waarheid, ja, van dié
waarheid; daarom is haar getuienis 'n boodskap. Die kerk is in die gee
van sy getuienis aan die wêreld nie slegs verslaggewer nie, maar ook
werwer. Werwer, omdat die ganse wêreld tot aan sy uiterste grense
verower moet word – voor die Here van hemel en aarde moet elke
knie buig, vir Hom moet elke hart ontsluit word, deur Hom moet elke
lewe geheilig en alle denke gevorm word.

2.4 DIE SENDING VAN DIE KERK NA DIE WÊRELD

2.4.1 Opdrag en bestemming

Met 'n duidelike opdrag stuur Jesus sy kerk tot ander. Daarom kan en
mag sy kerk nie in rustige stilte wag tot ander na haar toe kom nie.
Nee, sy moet na hulle toe gaan. Sy ontvang van Jesus Christus nie
alleen 'n baie duidelike opdrag nie, naamlik om te getuig, maar ook
'n definitiewe bestemming waarheen sy gestuur word – na die wêreld.
Immers, dit was ook die bestemming waarheen Jesus deur sy Vader
gestuur is – na die wêreld. En sy dissipels moet sy sending voortsit:
Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook (Joh. 20:21).

2.4.2 Die mens in sy nood

Die wêreld is die mens in sy nood. Nie sy materiële of ekonomiese of
selfs geestelike nood nie, maar sy nood aan God.

Die wêreld is die mens in die mag van sonde, in wie die beeld van
God verduister is. Die wêreld is die mens in wie se lewe geen plek vir
God is nie en wat in bewuste of onbewuste opstand teen God leef. Die
wêreld is die mens sonder God. Gods eie handewerk sonder God – dit
is die wêreld volgens die Woord van God.

2.5 WAAR IS HIERDIE WÊRELD?

Dat ons presies sal weet waar hierdie wêreld is, is uiters noodsaaklik, want dáárheen is die kerk gestuur. Waar die wêreld is, daar moet die kerk wees, want dáár moet van Jesus Christus, van sy liefde vir die mens van die wêreld, sy verlossing van die mens van die wêreld, en sy eiendomsreg op die wêreld, getuig word. Die wêreld is aanwesig buite die grense van die kerk: hulle wat die evangelie van Jesus Christus nog nooit gehoor het nie, of wel gehoor het, maar nog nie as verlossingsboodskap aanvaar het nie, en dus nog nie tot die kerk toegetree het nie – hulle is sonder God, en dáár is die wêreld.

Buite die grense van die kerk kan dus beteken buite en ook binne die grense van ons land. Dáárheen is die kerk gestuur om van Jesus te getuig.

2.6 BELANGRIKSTE GEVOLGTREKKINGS

2.6.1 Elke gelowige bely

Pinkster maak van elke gelowige 'n belydende Petrus. Die vurige tonge van die Heilige Gees het bewegende menslike tonge tot gevolg. Ek kan nie stilbly nie, my hart is vol van die Gees van die Here en daarvan loop my mond oor.

2.6.2 Sendingveld buite die grense

Pinkster stuur die belydende Petrus om, deur herhaling van sy belydenis, ook ander tot belydende Petrusse te maak. Die gelowige word as sendeling na die sendingveld buite die grense van sy kerk, en selfs buite die grense van sy land gestuur om daar van die verlossende genade van Christus te gaan getuig.

2.6.3 Gestuurde kerk

Pinkster maak dus van die kerk in haar wese 'n gestuurde kerk, dit wil sê sendingkerk. Pinkster laat ons besef dat Christen-wees gelyk is aan sendeling-wees. Dit maak van my as sendeling in Zoeloeland nie iets anders – meer of minder – as van die dominee van 'n plaaslike kerk in die stad of op die platteland nie.

Nee, oral waar ek met geloofsoog die nood van 'n mens sonder God sien en daar van die verlossing in Christus getuig, dáár is ek besig met sendingwerk. Pinkster laat vaar alle name en titels en laat alleen oorbly die ontsettende nood van die sondige wêreld buite die grense van Christus se kerk, en laat benewens die nood ook die roeping van elke gelowige duidelik blyk, naamlik om van Jesus Christus te getuig.

So gesien is die bewoënheid oor die nood van 'n wêreld wat God nie ken nie, nie die voorreg van slegs enkele sogenaamde “sendingvriende” nie, maar die heilige roeping van die ganse kerk en van elke lidmaat afsonderlik. Die sending is derhalwe nie 'n selfstandige arbeid naas en dikwels “veel hoër” as die “gewone” gemeentelike werksaamhede nie, maar dit is die wesenlike roeping van die kerk van Jesus Christus op aarde.

Die geloofshelde is nie alleen diegene wat hulle aanmeld vir die sending daar ver buite die grense van ons land nie, maar elke gelowige wat die nood van die wêreld sien en dáár van Jesus Christus met mond en lewe getuig.

Dit is wat bedoel word as gesê word dat die kerk van Jesus Christus op aarde 'n sendingkerk is: sy is gestuur om te getuig.

Ná die stigting van die AP Kerk het daar 'n opvatting van kritiese buitestaanders onder die aandag gekom, naamlik dat die lidmate van die AP Kerk “klaar het” met sending, aangesien die kerk dan juis gestig is omdat gelowige lidmate hulle van die swartmense wou distansieer. So 'n opvatting is óf verkeerd óf vals. Om alle onsekerheid uit te skakel, wil die AP Kerk hiermee haar standpunt oor die sending duidelik en kernagtig saamvat.

3.1 GESTUURDE

Ons glo dat kragtens die sendingbevel (Mt. 28:19) die kerk, naas uitgeroepene (*ekklesia*), ook gestuurde (*apostolos*) onder die volke is.

3.2 DIE VOLKE

Ons glo dat die voorwerp van sending die volke is (Mt. 28:19; Hand. 28:28; Dan. 7:14).

3.3 GODSVOLK IN ELKE VOLK

Ons glo dat die doel van die sendingbevel is om deur die bekering van individue, die Godsvolk in elke volk aan die lig te bring (Efés. 3:8, 6). Volgens Openbaring 5:9; 7:9; 21:3, 24 en 26, gaan die volke (d.w.s. die Godsvolk in elke volk) die ewigheid binne. By die hoofmomente van die vestiging van die kerk is volke betrokke (Hand. 2; Mt. 28:19).

3.4 KERK IN VOLKSVERBAND

Ons glo dat die primêre sendingmetode dus die bring van die evangelie aan lede van 'n volk is, lede wat dan in hulle volk bly om daar kerkvormend op te tree en so die kerk van Christus in volksverband te verinheems.

3.5 ELKEEN IN SY EIE TAAL

Ons glo dat afsonderlike selfstandige kerke vir verskillende volke gestig moet word, sodat elkeen in sy eie taal die groot daad van God

kan hoor en verkondig (Hand. 2:8, 11), en sodat elkeen in die midde van sy eie volksgenote sy aanbiddingsbehoefte kan bevredig.

3.6 “GESAMENTLIKE SENDINGTAAK”

Ons verwerp enige implementering van die “gesamentlike sendingtaak” deur die onderskeie kerke wat daarop uitloop dat ’n kerk haar eie sendingroeping tot oorbetalings van subsidies verskraal, en dat sy haar eintlike sendingtaak op ’n ander kerk afwentel, ongeag of laasgenoemde kerk by sy sendingtaak uitkom of nie.

3.7 ALLESOMVATTENDE TAAK

Ons beskou sendingwerk as ’n allesomvattende taak wat te make het met ongelowiges waar ook al.

3.8 UITBREIDING NA BUITE

’n Sendingkommissie behoort te konsentreer op die kerk se werk na buite. Waar ander kommissies werk aan die kerk se opbou na binne, werk die sendingkommissie aan die kerk se uitbreiding na buite en haar getuigenistaak onder die ongelowiges van volkere.

3.9 DISSIPELSKAP

Sendingwerk is ’n wye begrip en daarbinne is ruimte vir spesialiswerk, asook werk deur gewone lidmate. Laasgenoemde aspek is vir ons die belangrikste, daarom moet die beginsel van die dissipelskap van elke gelowige sterk verkondig en geleer word. Die groot gawe wat elkeen ontvang het, is die gawe van die Heilige Gees – die beseeling van die Heilige Gees om getuie van Christus te wees – oral en altyd.

3.10 SELFONDERHOUDEND, SELFUITBREIDEND EN SELFOPBOUEND

Die AP Kerk sal in sy sendingarbeid nie kerke gaan stig onder ander volkere nie, maar slegs die evangelie aan hulle oordra. Bekeerlinge kan volgens eie besluit by bestaande Protestantse kerke aansluit of hulself in huisgemeentes organiseer of uit eie geledere besluit om tot

die stigting van 'n Protestantse kerk in eie volksverband oor te gaan. 'n Kerk wat op dié wyse gestig word, behoort selfonderhoudend, selfuitbreidend en selfopbouend te wees en nie onder finansiële voogdyskap van die AP Kerk te staan nie.

3.11 INHEEMS

Die AP Kerk sowel as enige ander kerk wat as gevolg van haar werk tot stand mag kom, moet inheems wees. Vreemdheid in die kerk belemmer nie alleen die verdere uitdra van die evangelie nie, maar ook die mate waarin die Christen 'n tuiste binne die volk van God vind. Dit beteken die vryheid om jouself in die plaaslike gemeente te wees. Dit beteken ook 'n inheemse leierskap en wyse van inheemse aanbidding, inheemse leiding, inheemse kerklike werkswyse en 'n bedieningspatroon wat plaaslik bekostig kan word.

3.12 AP KERK AANVAAR SKRIFOPDRAG

Die AP Kerk wil volledig kerk van Christus wees; daarom aanvaar sy haar Skriftuurlike sendingopdrag van harte. Sy kan dit ook nie uitstel of haar verantwoordelikheid tot haar eie volksgenote beperk nie. Na die mate wat ons gehoorsaam sal wees aan die opdrag om die volle raad van God aan almal in hul sielenood te verkondig, na dié mate sal ons ook deur die Heilige Gees in eie geledere geseën wees.

4.1 TERREINAFBAKENING

Sinode 1990 het op die volgende terreinafbakening besluit. Uitgaande van die basiese roeping van die mens om God te verheerlik (1 Kor. 10:31; Efés. 4:11-16), word twee terreine in die bereiking van hierdie doel onderskei, naamlik:

1. Die gemeentelike terrein na binne: Die opbou, toerusting, opsig oor en pastoraat aan die gelowige deur die besondere ampte aan die amp van die gelowige, asook onderling aan mekaar. Dit is die terrein vir die gemeentelike versorging.
2. Die wêreldlike terrein na buite: Die bring van die evangelie aan ongelowige mense wat nog nie (of nie meer) by die gemeente ingeskakel is nie. Dit geskied deur getuienisse, prediking of enige ander evangeliseringsmetode deur die besondere en/of algemene amp. Hierdie terrein vir evangelisering word onderverdeel ten opsigte van die benaderingswyse van die objekte, naamlik die buitekerklike en die heiden.

4.2 PLAASLIKE KERK

Elke kerkraad moet 'n sendingkommissie saamstel wie se verantwoordelikheid dit sal wees om plaaslik die sendingbehoefte te identifiseer en elke gemeentelid op te wek om met sy/ haar getuienistaak 'n begin te maak, al is dit aanvanklik beskeie.

4.3 RING

Elke ring sal moet kennis neem van aksies in gemeentes, waar nodig gemeentes tot aksie opwek en die sinodale sendingkommissie op hoogte hou van wat in sy ringsressort gedoen word.

4.4 NIE KLEURGEBONDE

Kerkrade kan sendingwerk doen onder swartmense, Asiërs, kleurlinge, kerklose blankes, ensovoorts.

4.5 TENTEVANGELISASIE

'n Tentevangelisasie-aksie waarby 'n kerkraad betrokke is, maar wat hoofsaaklik deur 'n kundige sendingwerker behartig word, kan goeie vrugte afwerp in gebiede waar die heidendom groot is.

4.6 HUISGEMEENTES

Aanvanklik kan bekeerlinge in huisgemeentes bymekaarkom. Aangesien die AP Kerk se lidmaatskap tot die eie volk beperk is, kan bekeerlinge by ander Protestantse kerke van hulle eie keuse aanklop om lidmaatskap, of sodra 'n kerngroep gelowiges sterk genoeg is, kan hulle hul eie gemeente stig.

4.7 VERSPREIDING VAN DIE BYBEL EN TRAKTAATJIES

Elke lidmaat behoort deel te neem aan Bybel- en traktaatjieverpreiding. Oor die inhoud van laasgenoemde sal die sendingkommissie van elke kerkraad hom moet vergewis dat dit die waarheid van die Bybel bevat.

Sinode 1991 het besluit “dat die Kommissie vir Sending en Evangelisasie nie gebruik sal maak van traktaatjies van ander kerke of organisasies nie, maar self traktaatjies sal opstel en aan die Publikasiekomitee sal voorlê vir publiserings.”

4.8 SENDINGPROJEKTE

As moontlike sendingprojekte deur kerkrade, ringe en sinode, kan die volgende oorweeg word.

4.8.1 “Verlore lidmaat”

Na bewering is daar 400 000 mense wat hulleself by die staat se sensus² as lidmate van 'n bepaalde kerk opgegee het, maar wat by dié kerk se sensus ontbreek. Alle ongeredde mense sal met die Woord van God bereik moet word om hulle in sy kerk in te bring, anders kan ons nie waarlik kerk van Christus wees nie.

2. Soos ten tye van die samestelling van hierdie dokument.

4.8.2 Natal

Wat die Woordverkondiging aan swartmense betref, is daar groot gebiede in Natal rondom Ladysmith en Empangeni/Richardsbaai wat nog grootliks heidens is. In die “paddastoelstede en -dorpe” in die Kangwane-tuislande, in die hooglande van Lesotho en ander gebiede heers daar ook groot nood.

4.8.3 Indiërs

Die digbevolkte gebiede in Suid-Natal waar groot getalle Indiërs woon wat nog hoofsaaklik aanhangers van die Hindoe-geloof is, is uitdagende sendingvelde.